

# Groete uit die Sinodehuis

19 Julie 2022

Kollega,

Ek praat 'n tyd gelede met iemand wat gedurende die Covid-pandemie onverwags oogprobleme ontwikkel het: krapperig, sukkel om te fokus, branderig, ongemak, seer, geïrriteerd. Toe vertel die persoon dat die oogarts se diagnose was dat my gespreksgenoot se trane opgedroog het... By verdere navraag besef die oogarts dat die persoon in die voorafgaande tyd aan besonder baie trauma as gevolg van Covid blootgestel was: Covid in hulle gesin, Covid-sterftes van nabyfamilie, geliefdes wat in die hospitaal sterf sonder dat 'n bekende die gestorwene se hand vashou, Covid-begravnisse van bekendes en onbekendes, werksdruk en enorme onsekerheid.

Hierdie gesprek het my laat besef, waarom ek so lanklaas aan jou geskryf het, waarom ek dikwels probeer het, maar net nie kon vorder nie. Skielik het die liggie vir my aangegaan. My woorde het tydens Covid opgedroog... Ek is daarom bly dat ek weer emosioneel op 'n plek is waar ek aan jou kan skryf.

In 'n wêreld waarin byna alles wat kan, in 'n warboel is, 'n wêreld waar 'n joernalis onlangs op TV sê dat stabiliteit tans die duurste kommoditeit in ons land is, was daar in die afgelope tyd drie gebeure wat my gehelp om die gloed van die opkomende son weer raak te sien, om my woorde weer te vind...

By 'n winkelsentrum waar ek dikwels kom, werk daar 'n gestremde sekuriteitswag. Met die tyd het ons geselsies al hoe meer en langer geword. Vroeër die jaar vertel hy dat sy vrou in die hospitaal is vanweë hoë bloeddruk en waarskynlik vir 'n lang tyd daar sal moet bly. By verdere navraag vertel hy dat sy ingewillig het om sonder enige kompensasie, 'n surrogaatma vir 'n egpaar te wees. En sê hy, hy ondersteun haar besluit ten volle. Verlede week vertel hy opgewonde dat die baba gebore is, dat die baba gesond is, dat die baba reeds by die ouers is en dat hulle elke dag melk kom haal vir die baba. Omgee is dikwels daar waar jy dit die minste verwag...

Onlangs het die program Prontuit op Kyknet gehandel oor 'n klompie jong dokters wat besluit het om die veiligheid van die stad te verlaat en in die sukkelende hospitaal op Madwaleni naby Elliotdale in die Oos-Kaap, te gaan werk. Omgee skuif grense...

Ons het die voorreg gehad om 'n week gelede na die Tukkiekoor, Camerata, te luister net voor hulle vertek na Europa. Dit was 'n uitsonderlike optrede wat my diep geraak het: die energie, die diversiteit, die blik op die toekoms, die hoop... 'n Lied van Dan Forrest het vir my uitgestaan:

**Even after all this time, the sun never says to the earth: "You owe me".  
Look what happens with a love like that. It lights the whole sky.**

Ek droom van só 'n kerk. Ek droom van só 'n familiefees van die Noordelike Sinode by Weesgerus en ek sien jou graag van 16-20 Oktober daar!

Jy is welkom om my te kontak as jy sommer net wil gesels of bietjie wil affpak oor alles en nog wat. As daar dalk selfs die geleentheid is om dit oor 'n koppie koffie te doen, sal dit nog lekkerder wees.

Groete tot 'n volgende keer.



082 653 5734  
[paul@noordsin.co.za](mailto:paul@noordsin.co.za)